WETENSKAPLIKE BYDRAES VAN DIE PU VIR CHO
Reeks H: Inougurele Redes nr. 45

# DIE BETEKENIS VAN DIE VERHOUDING TUSSEN DIE KONINKRYK VAN DIE HEMELE EN DIE KERK VIR DIE KERKREG

G.P.L. van der Linde

Rede uitgespreek by die aanvaarding van die amp as Hoogleraar in die Departement Kerkreg en Kerkgeskiedenis aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys op 3 Junie 1977

Potchefstroomse Universiteit vir CHO
1978

# DIE BETEKENIS VAN DIE VERHOUDING TUSSEN DIE KONINKRYK VAN DIE HEMELE EN DIE KERK VIR DIE KERKREG

## 1. INLEIDING

Die kerkreg word nie juis altyd hoog waardeer nie. Hoewel nie van alle waarheid ontbloot nie, is dit seker 'n veralgemening om te sê „dat tal van predikanten over allerlei manco's in hun kennis nog wel schaamte kunnen opbrengen, maar niet over dat in hun kennis van het kerkrecht. Integendeel, daar komt men soms zelfs met een zekere trots voor uit"[1]. Daar is tog ook dié wat 'n uitnemende kennis van die vak het, maar dit nie hoog aanslaaan nie. Enersyds het Rudolph Sohm teen die einde van die vorige eeu beweer dat die kerkreg in stryd is met die wese van die kerk[2]. Andersyds is daar dié wat nie so ver gaan nie maar wel die kerkreg, veral soos dit vorm aangeneem het in die Kerkorde, noodsaaklik beskou, maar dan net met die oog op die welwese of goeie en ordelike bestaan van die kerk[3]. Hans Küng[4] wat vir die beantwoording van die vraag oor wat die kerk vandag moet wees, wil teruggryp na die oorspronklike kerk in die geskiedenis, kom tot die konklusie dat die kerk nie staties nie, maar altyd in wording is. Dit het geen vaste vorm in die geskiedenis nie. „The real church is first and foremost a happening, a fact, an historical event"[5]. Die manier waarop die kerk ingerig word, moet aan besondere tye en omstandighede gedank of gewyt word[6]. Plomp se gedagtegang sluit hierby aan[7], maar hy benadruk teenoor dié wat 'n kerkorde nadelig ag, tog dat dit noodsaaklik

1, Plomp. 1967(a). Presbyteriaal – Episcopaal? p. 38. Vergelyk Van Dalen, 1946. De schriftuurlijke beginselen van het kerkrecht, p. 5.

2. Sohm, 1892. Kirchenrecht. p. 1. Vergelyk Linton. 1932. Das Problem der Urkirche:227.

3. Vergelyk Kruger, Du Plessis & Spoelstra, *et al.* 1966. Handleiding by die kerkorde van die Gereformeerde Kerk in S.A., p. 43.

4. Küng. 1967. The church.

5. Küng. 1967. The church, p. 5.

6. Vergelyk Küng. 1967. The church. p. 6 en 12. Plomp. 1967(a). Presbyteriaal... p. 34.

7. Vergelyk Plomp. 1967(a), p. 12.

is, al moet dit ook dikwels gewysig word[8]. Op heel versigtige wyse voeg hy hom ook by Brouwer[9], – teenoor die algemene opvatting by gereformeerdes – wat ontken dat „die kerkinrichting" Skriftuurlik gefundeer kan wees. Die Nuwe Testamentiese gegewens sou so fragmentaries en onseker wees dat mens jou vir verskillende soorte organisasies op die Skrif kan beroep[10]. 'n Mens moet die kerkreg dus nie verag nie, sê hy, „en zij er ook niet al te benauwd voor"[11].

Die gedagtegang is dan so dat hoewel die kerkreg 'n funksie – selfs 'n belangrike funksie – het met betrekking tot die kerk, en hoewel die Skrif „stellig ook gezag in kerkordelijke zaken"[12] het, gaan dit nie juis oor veel meer as die noodsaaklikheid dat die kerk as menslike gemeenskap een of ander organisasie en regering moet hê nie. Hoe dit gebeur word deur die geskiedenis en die behoeftes van die dag bepaal. Hoofsaak is dat daar orde en nie wanorde in die kerk heers nie. Dit kan dan wees dat die presbiteriale stelsel in die tyd direk na die reformasie goed was, maar tans nie meer heeltemal bevredig nie[13].

In die lig van die beskouinge is die vraag na die betekenis van die verhouding tussen die Koninkryk van die hemele en die Kerk, vir die Kerkreg, seker nie oorbodig nie. Die vraag is egter ook van wesenlike belang omdat die Kerkreg as teologiese wetenskap die Heilige Skrif as kenbron het[13(a)]. „En", sê prof. W.J. Snyman, „dit gaan in die Skrifom die openbaring van God en in die Godsopenbaring gaan dit om die Koninkryk van God"[14]. H. Ridderbos noem dan ook die prediking aangaande die Koninkryk die sentrale gedagte van Jesus se prediking[14(a)].

Oor die Koninkryk van God en die verhouding daarvan tot die kerk is

8. Plomp. 1967. Beginselen van reformatorisch kerkrecht. p. 16, 17 en 18.

9. Brouwer. 1937. De kerkorganisatie...

10. Vergelyk Plomp. 1967(a). Presbyteriaal... p. 12.

11. Plomp. 1967. Beginselen... p. 12.

13. Vergelyk Plomp. 1967(a). Presbyteriaal... p. 6 en 34.

13(a). Vergelyk Orientatie in de Theologie. 1972. p. 7-11.

14. Snyman, 1977. Nuwe en ou dinge. p. 140.

14(a). Vergelyk Ridderbos. 1950. De komst van het Koninkryk. p. 5.

daar veel verskil van mening[15]. Ten spyte egter van die verskil van mening – selfs stryd – kan die één gedagte: die heerskappy van God, deur, of in Christus, tog soos 'n goue draad gevolg word in die Koninkryksbegrip van die Nuwe Testament[16]. Daarmee is dan tegelyk aangetoon waarom die verhouding tussen die Koninkryk van die hemele en die Kerk so belangrik is vir die Kerkreg. Dit gaan immers in beide om die heerskappy van God in, en deur Christus en die gehoorsame onderwerping daaraan.

## 2. DIE KONINKRYK VAN DIE HEMELE EN DIE KERK

Die openbaring aangaande die Koninkryk van die hemele is saamgevat in die prediking van Johannes die Doper[17] soos voortgesit deur Jesus[18] en deur Hom ook opgedra aan die apostels[19].

Die opvallende is dat ons hier te doen het met prediking: die deurgee van 'n boodskap of die aankondiging of uitroep van 'n gebeurtenis[20].

Hierdie feit benadruk reeds die sentrale gedagte van heerskappy waarom dit gaan in die boodskap self. Die boodskapper beskik immers nie oor homself nie. Hy moet hom onderwerp aan sy sender; aan sy opdraggewer, en net die boodskap, soos hy dit ontvang het, deurgee. Die begrip prediking koppel ook so reeds die gehoorsaamheid aan die heerskappy. Heerskappy veronderstel gehoorsaamheid – dit is juis in die geval die kern van die boodskap, vandaar die bevel: „bekeer julle". Daar moet 'n innerlike veranderinge kom wat lei tot 'n nuwe gesindheid en handelswyse[21] as ge-

15. Vergelyk onder andere Ridderbos. 1950. De komst... p. 5.
Duvenage. 1969. Die verhouding van Kerk en Koninkryk. p. 113.

16. Van der Walt. 1962. Die Koninkryk van God, naby! p. 32 noot 1.
Bultmann. 1953. Theologie des Neuen Testaments. p. 2.

17. Matth. 3:2.

18. Matth. 4:17.

19. Matth. 10:7.

20. Vergelyk Kittel. 1933-'65. Theologisches Wörterbuch... III, p. 695-710.

21. Metanoein is eintlik sterker as epistrefein. Laasgenoemde beteken omdraai op die verkeerde weg waarop jy jou bevind. Eersgenoemde gaan egter terug op die oorweging om om te draai; dit is om anders te begin dink en daarom 'n ander gesindheid te hê, met die gevolg dat anders gehandel word; "het is den dingen, zichzelf anders gaan bezien". Grosheide. 1954. Het heilig envangelie volgens Mattheüs. p. 40.

volg van die boodskap: die Koninkryk van die hemele het naby gekom! Die boodskap proklameer die heerskappy van God en eis onderwerping daaraan.

Daarmee word die hoorders voor die alles beheersende werklikheid waarmee die mens op aarde te doen het, geplaas. Die lot van die mensheid hang daarvan af of hulle die ware Koning vind en Hom gehoorsaam[22)]. Daar word aangesluit by die Ou Testament wat die selfde boodskap in Psalm 24 samevattend laat hoor: „Die aarde behoort aan die HERE en die volheid daarvan, die wêreld en die wat daarin woon; ... Hef op julle hoofde, o poorte, ja, verhef julle, ewige deure, dat die Erekoning kan ingaan! Wie is tog die Erekoning? Die HERE, sterk en geweldig, die HERE geweldig in die stryd!"

Dit is dan duidelik dat die begrip Koninkryk van die hemele in die prediking bepaal word deur die begrippe heerskappy én gehoorsaamheid. Dit lei weer noodwendig tot die begrip reg – 'n begrip wat dan ook 'n sentrale plek in die Heilige Skrif inneem. Die grondbetekenis van die Woord kan herlei word tot die verhouding tussen God en die mense en dié tussen die mense onderling. En dit in die sin dat God die verhoudinge bepaal. Hy is die Heerser en die mens onderdaan. Hy skryf die gedrag van die mense teenoor Hom en mekaar voor en die mens moet gehoorsaam. Wat Hy voorskryf is Reg.

Van die Koninkryk van die hemele kan daar dus alleen sprake wees waar die Reg (van God) geld en gehandhaaf word. Koninkryk en Reg is onafskeidelik aan mekaar verbonde. Die Koninkryk van die hemele is dié gebied waar God heers en waar Sy Reg geld, geken en gehoorsaam word – met ander woorde waar na sy wil gevra en dit sonder teëspraak gedoen word[22(a)].

Dit herinner weer aan Genesis 1-3. Die mens, geskape in afhanklikheid en onderworpenheid aan God, het die leuen dat hy soos God sal wees geglo en die onderdaan het self gaan probeer koning speel, met die gevolg dat hy verkneg is in die mag van die Satan. Satan het die owerste van hierdie wêreld geword – hom as koning in die ryksgebied van God ingedring. Tog behoort die aarde nog aan die HERE. Hy heers nog, al is die wêreld in verset

22. Bell. 1950. Die Königsherrschaft Jesu Christi. p. 13. Aangehaal deur Van der Walt. 1976. Christus as hoof van die kerk en die presbiteriale kerkregering. p. 20.

22(a) Vergelyk Heidelbergse kategismus, Sondag XLVIII.

teen Hom, kan niks roer of beweeg sonder sy wil nie[23)]. Bowendien openbaar Hy sy toorn van die hemel af oor al die goddeloosheid en ongeregtigheid van die mense[23(a)]. Die besetting van die wêreld sal egter beëindig word, beloof die HERE reeds in die paradys[24)]. En nou kom die boodskap: die Koninkryk van die hemele is naby! Soos God tans heers in die hemel en sy heilige engele saam met die ontslape gesaligdes hulle gewillig en met vreugde onderwerp aan sy heerskappy, so is die tyd naby dat Hy ook op aarde weer sal heers terwyl almal en alles hulle gewillig en met vreugde aan Hom sal onderwerp. Volkome gehoorsaamheid sal weer op aarde aan Hom betoon word[25)]. Die boodskap is dan dat die opstand wat

23. Vergelyk Heidelbergse kategismus, Sondag X, en NGB art. XIII.

23(a) Vergelyk Romeine 1:18.

24. Genesis 3:15.

25. Vergelyk Grosheide. 1954. Het heilig evangelie... p. 40. "Het rÿk is naderbij gekomen, d.w.z. de volkomenheid van het rijk". Bavinck. 1910. Gereformeerde dogmatiek. III, p. 257. Die Koninkryk van God is „een hemelsch Koninkryk" na oorsprong en natuur wat „thans ookal in den hemelen aanwezeig is. Mt. 6:10...".
Skrifverklaarders soos Ridderbos. 1950. De komst van het Koninkryk. p. 36; Van der Walt. Die Koninkryk van God, naby! p. 32. Küng en soveel ander, neem die genitief toon ouranoon nie kwalitatief nie. Dit sou bloot 'n Joodse omskrywing van die Godsnaam wees deur Mattheüs. Saaklik kom hulle verklaring egter op dieselfde neer as wat hierbo gegee is. „Daarom is de idee van de komst van het Koninkryk vóór alles die van de koninklijke zeldhandhaving Gods, van de realisering van zÿn rijk, van zijn komen tot de Wêreld om Zich en zijn koninklijke majesteit, koninklijke kracht en koninklijke recht te openbaren". Ridderbos. 1950. De komst... p. 36. Vergelyk ook Coetzee. 1967. Die stryd tussen die Koninkryk van God en die ryke van die wêreld.
Hier word verder net verwys na die uiteenlopende beskouinge oor die Koninkryk. Enersyds is daar A. Ritschl wat die Koninkryk van God sien as 'n universele morele gemeenskap wat verwesenlik kan word deur die samewerking van mense in broederlike naasteliefde. Hierdie gemeenskap is die finale doel van die goddelike sowel as menslike plan vir die wêreld. Vergelyk Ritschl. 1902. The Christian doctrine of Justification and reconciliation. p. 30 e.v. Hierdie gedagtes leef weer sterk op in die nuwe Teologie — die sogenaamde „theologie van de revolutie of theologie van de bevryding" met sy Marxistiese inslag. Vergelyk Anon. 1965. Van Neomarxisme tot Marxisme...
Teenoor Ritschl en sy skool staan onder andere Albert Schweitzer. 1967. Reich Gottes und Christentum; Johannes Weiss. 1976. Jesus' proclamation of the kingdom of God, wat die apokaluptiese en eskatologiese elemente in „Jesus se opvatting" in aansluiting by die laat-joodse apokaluptisme, benadruk.
'n Derde gedagterigting is die van Oscar Cullman. 1946. Königsherrschaft Christi und Kirche im Neuen Testament. Hy onderskei tussen die Koninkryk van Christus en die van God. Christus heers van 'n bestemde oomblik af oor die mense sowel as die onsigbare wesens of magte in die hemel. Sy ryk word beëindig as Hy alles weer aan die Vader oorgee nadat Hy in die laaste stryd die laaste vyand, die dood, vernietig het. Prof. H.J.J. Bingle maak weer 'n onderskeid tussen die Koninkryk van God en dié van die hemele. Eersgenoemde is op aarde en vind sy verlengstuk in laasgenoemde. (1969. Onderwys-e-n opvoeding... p. 316).
Dat die Koninkryk van die hemele ook die ganse skepping omvat met alles en almal daarin, vergelyk Romeine 8:19 tot 22. Sien ook Heyns. 1967. Die kerk as diens aan die Koninkryk.

in die paradys teen God begin is, spoedig beëindig sal word. „Ons verwag volgens sy belofte nuwe hemele en 'n nuwe aarde waarin geregtigheid woon"[26]. Die Koninkryk van die hemele is die herskape wêreld, bevolk deur die herskape mensheid en moet dus nog kom[27]. Die nadruk word in die verkondiging gelê op die volkome gehoorsaamheid; die volkome onderwerping aan die heerskappy van God, wat nou ontbreek; maar eenmaal weer sal wees!

## 2.1 Die Koninkryk naby

„Die Koninkryk van die hemele is naby". Hoe naby?

So naby dat

– Johannes reeds opgetree het as Voorloper en Jesus die Christus uitgewys het[28] as die Eén deur wie God sy heerskappy laat geld endeur wie Hy sy volk gehoorsaam maak.

Hy sal „sy dorsvloer deur en deur skoonmaak en sy koring in die skuur saam bring, maar die kaf sal Hy met onuitbluslike vuur verbrand"[29]. God self sorg in Christus dat weer na sy wil gevra word en dat daarna gehandel sal word. Hyself rig sy Koninkryk op; handhaaf sy reg ook deur te sorg dat daar dié is wat daarna handel.

So naby dat

– met die doop van Jesus, toe uit die hemel aangekondig is: „Dit is my Geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het"[30], is daarmee die nuwe mensheid, die Volk van God, die burgers van die koninkryk van die hemele, in Hom as die tweede Adam[31], aangewys. Sedert die val in die paradys is daar nou eers weer 'n Mens – die Mens – wat vrywillig en blymoedig volkome onderworpe is aan die heerskappy van God. En – so blyk dit uit die uitslag van die versoeking in die woestyn – die nuwe mensheid in Hom sou nie weer deur Satan oorweldig kon word nie[32].

26. 2 Petrus 3:13. Vergelyk Bouwman. 1928. Gereformeerd kerkrecht, I, p. 56.

27. NGB, Art. XXXVII.

28. Joh. 1:29.

29. Matth. 3:12.

30. Matth. 3:17.

31. Romeine 5:12-21. Vergelyk Van der Walt. 1976. Christus as hoof... p. 55. Linton. 1932. Das Problem der Urkirche... p. 149.

32. Matth. 4:1-11.

Hy toon inteendeel deur sy dade soos genesing van siekes, opwekking van dode, uitdrywing van duiwels, beheersing van die see en winde, dat aan Hom alle mag: dit wil sê, die heerskappy in die hemel en op aarde behoort.

So naby dat

– hierdie Jesus die Christus in wie die nuwe Godsvolk[33] begrepe is; ook reeds begin het om dié volk uit die verlore mensheid uit te roep[34] en om hulle as kerk te organiseer op grond van die belydenis dat Hy, die Christus, die Seun van die lewende God is[35]. Hy vergader en organiseer die volk na sy hemelvaart deur die diens van mense[36] onder Hom, die Hoof, om hulle te leer „om alles te onderhou wat Ek julle beveel het"[37]. Daarby word die belofte gevoeg: „En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld"[38]. Daar is nog stryd, maar Hy sorg dat in Sy krag oorwin word.

Die Koninkryk is so naby dat die burgers daarvan alreeds op die aarde is; dat hulle georganiseer is as kerk en vra na Sy wil sowel as hulle onderwerp aan die heerskappy van God in Christus. Hulle jaag daarna om aan Hom gehoorsaam te wees.

Hulle word as kerk geleer wat Hy van hulle eis, vermaan om waardig die roeping waarmee hulle geroep is, te wandel[39] en word opgebou as liggaam van Christus „totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van God, tot 'n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus, sodat ons nie meer kinders sou wees nie wat soos golwe geslinger heen en weer gedrywe word deur elke wind van lering, deur die bedrieëry van die mense, deur sluheid om listiglik tot dwaling te bring..."[40]. Met ander woorde Hy gee ook die gehoorsaamheid wat Hy

33. Vergelyk Coetzee. 1965. Volk en Godsvolk in die Nuwe Testament. p. 41.

34. Vergelyk Snyman. 1948. Die gebruik van die Woord „Kerk" in die Nuwe Testament. Bouwman. 1928. Gereformeerd kerkrecht. I, p. 56.

35. Matth. 16:15-18. Vergelyk Snyman. en Floor. 1969. Die Koninkryk van God in die Nuwe Testament. p. 41. Die prediking van die Koninkryk is kerkvormend. Vergelyk verder Van der Linde. 1965. Die grondbeginsels van die presbiteriale kerkregeringstelsel. p. 21.

36. Vergelyk Van der Walt. 1976. Christus as hoof van die kerk... p. 59 e.v.; Van der Linde. 1965. Die grondbeginsels... p. 31, e.v.

37. Matth. 28:19.

38. Matth. 29:20.

39. Efesiërs 4:1.

40. Efesiërs 4:12-14.

eis. Die kerk, hoewel reeds gewillig en bereid om hulle in Christus aan God te onderwerp, moet ook nog stry teen die Satan en sy magte en die eie verdorwe aard, om daartoe te kom. Christus sorg dat die poorte van die doderyk dit nie oorweldig nie; dit word deur Hom beskerm en onderhou[41] in 'n wêreld wat nog verkneg is in die heerskappy van die Satan.

Die kerk is 'n organiese eenheid, dit groei uit en groei op in sy Hoof, Christus. „Die kerk lewe, en moet steeds meer bewustelik lewe, uit sy Hoof... Om die rede is die kerk blywend voorwerp van die sorg van sy Here"[42]. Christus voer heerskappy oor die Kerk, maar anders as oor die wêreld. Die wêreld moet Hom teen wil en dank erken as Here, ook éénmaal met soveel woorde[43]. Die Kerk, met Hom organies verenig, leef egter uit Hom en jaag na die volkome gehoorsaamheid aan Hom. Hy maak God se volk aan Hom gehoorsaam. Hy eis bekering tot gehoorsaamheid en gee wat Hy eis.

### 2.2 Die Koninkryk van die hemele en die Kerk

Die koninkryk van die hemel is naby; so naby in die persoon van Christus en sy dissipels as prototipe van die Kerk en vanaf pinkster in die Kerk self, dat Hy aan die Fariseërs kon sê: die Koninkryk van God is onder julle (of in julle midde)[44]. „Die koninkryk is – volgens prof. Tjaart van der Walt – in die Persoon, woord en werk (dus ook in die kerk) van Jesus reeds teenwoordige werklikheid... Die toekoms het reeds begin hede word – reeds begin, maar ook slegs begin. Wat in die hede gebeur, is teken van die toekoms – maar dan teken in die gelade sin waarin dit (ook) by die Sinoptici gebruik word met die wesenlike band tussen teken en betekenende saak: wat gebeur (die teken) kan enkel verklaar word vanuit die betekenende saak..."[45].

41. Vergelyk Heidelbergse kategismus, Sondag XXI.. antwoord 54.

42. Van der Walt. 1976. Christus as hoof van die kerk... p. 59.

43. Vergelyk Openbaringe 6:15-17.

44. Lukas 17:21. Vergelyk vir die vertaling: in julle midde (onder julle) onder andere H. Alford ter plaatse.

45. Van der Walt. 1962. Die Koninkryk... p. 312. Vergelyk ook Schnackenburg. 1963. God's rule and Kingdom. p. 216. Vir Küng. 1967. The church. p. 95/6 – is die kerk reeds onder die heerskappy van God en dit kyk met sekerheid vooruit na die finale oorwinning – terwyl dit terugkyk na die beslissende oorwinning van Christus. „Thus the Church may be termed the fellowship of aspirants to the Kingdom of God". Dit maak van die Kerk 'n teken van die koninkryk. p. 96.

Die Kerk en koninkryk van die hemele kan daarom nie vereenselwig word nie. Die Kerk is net teken daarvan, maar as teken laat dit ook reeds iets van die realisering daarvan sien; hoewel dit nog voltooi moet word[46]. In die Kerk word op aarde vooruitgegryp na wat sal wees na die wederkoms.

Die Kerk is die georganiseerde burgers van die Koninkryk van die hemele in hierdie wêreld en daarom, volgens prof. L. Floor, „die domein waar Christus domineer, die magsgebied waarin Christus alle mag uitoefen... Dit beteken dan dat daar iewers in die wêreld al 'n ruimte is, 'n gebied, 'n terrein waarbinne die heerskappy van Christus al sigbaar is, naamlik in die kerk... Christus heers, Hy regeer hoofde, harte, hande"[47]. In die sin is die Kerk openbaring van die Koninkryk van die hemele in hierdie wêreld. Dit is egter tegelyk, deur die opdrag om 'n sout vir die aarde en 'n lig van die wêreld sowel as 'n stad op 'n berg te wees[48], 'n instrument waardeur dit teken en so openbaring van die Koninkryk van die hemele kan bly[49]. Aan die Kerk is die sleutels van die hemelryk gegee. Christus gebruik sy Kerk om sy kerk te vergader; om sy burgers uit die wêreld te roep en te versorg in die wêreld.

Die Kerk is as teken, anders as die Koninkryk van die hemele, daarom net eie aan hierdie bedeling. Dit dui aan hoe naby die Koninkryk van die hemele is en verdwyn as die koninkryk kom – die teken verdwyn as die betekenende saak verskyn[50].

46. Vergelyk Snyman. 1977. Nuwe en ou dinge. p. 142.

47. Floor. 1976. Die Hervorming; geen verhuising maar opruiming. p. 6 en 7. Vergelyk Bouwman. 1928. Gereformeerd kerkrecht, I, p. 57.

48. Vergelyk Matth. 5:13-16.

49. Heyns praat daarom van die diens wat die Kerk aan die Koninkryk lewer terwyl dit daarop wag en daarvoor bid. 1967. Die kerk as diens aan die Koninkryk. p. 14. Vergelyk Jooste en Du Toit. 1969. Die Koninkryk in die geskiedenis van die kerk. p. 134. Volgens prof. H.J.J. Bingle is die Kerk 'n faset van die Koninkryk (dit wil sê van God op aarde) dog nie maar net één nie maar die glanspunt van hierdie diamant van soveel skittervlakke... (1969. Onderwys en opvoeding... p. 316).

50. Heyns, 1967, praat van „Die kerk as die volk wat op weg is na die ryk. Die kerk as geïnstitueerde grootheid is tydelik; maar die Koninkryk ewig". Die kerk as diens aan die Koninkryk. p. 14. Vergelyk ook p. 15. Vergelyk verder Bouwman. 1928. Gereformeerd kerkrecht. p. 58.

## 3. DIE BETEKENIS VAN DIÉ VERHOUDING VIR DIE KERKREG

Keer ons nou terug na die vraag oor die waarde van die kerkreg wat aan die begin opgewerp is, kan in die lig van die verhouding tussen die Koninkryk van die hemele en die Kerk vrymoediglik geantwoord word dat die Kerkreg nie in stryd is met die wese van die Kerk nie, en ook nie 'n betreklik onverskillige saak wat deur tye en omstandighede beheers word nie. Inteendeel, waar dit in die Koninkryk van die hemele en daarom ook in die Kerk gaan om die vrywillige en blymoedige onderwerping aan die heerskappy van God – om die gehoorsaamheid – staan die Kerkreg op die voorgrond as die wetenskap wat die reg wat in die Kerk geld en moet geld, beskryf. Die Kerkreg behoort by die wese van die Kerk as vergadering van die gelowiges wat tegelyk die georganiseerde burgers van die koninkryk van die hemele is. Die Kerk kon dan'n regsgemeenskap genoem word, maar die reg wat in die Kerk geld, moet by die wese van die Kerk pas; dit moet gevorm wees uit die Woord van God en na sy voorskrif gehandhaaf word.

Daar moet verder op gelet word dat dit Christus behaag het „om die kerk ook deur mense te versorg en deur hulle diens te laat groei"[51]. „As organiese Hoof is Christus die lewe van sy Kerk; as Gesagshoof regeer Hy sy liggaam tot in elke vesel"[52], deur die diens van mense; die ampsdraers. „Hy roep en bekwaam mense as ampsdraers om in sy Naam die leiding en bestuur gebonde aan sy Woord in die kerk op te neem"[53]. Hulle moet die reg uit die Woord vir die Kerk vorm en dit handhaaf ooreenkomstig die voorskrifte van Christus. Die nuwe lewe in Christus in onderwerping en gehoorsaamheid aan Hom, kry gestalte deur die Kerkreg.

Alleen deur die suiwere regsvorming en die getroue regshandhawing in die Kerk kan dit in hierdie wêreld teken bly van die Koninkryk van die hemele wat naby gekom het. Deur sy reg te laat geld in die Kerk roep Christus ook deur sy Kerk die wêreld toe: „Bekeer julle, want die koninkryk van die hemele het naby gekom". Tegelyk laat Hy sy Kerk, in die bewustheid dat hulle nog sonde het en dat hulle Hom nie dien met so 'n ywer as

51. Van der Walt. 1976. Christus as hoof van die kerk. p. 59.

52. Ibid. p. 63.

53. Van der Linde. 1965. Grondbeginsels... p. 31.

wat hulle verskuldig is nie, vanweë die mag van die Satan, roep: Kom Here Jesus. Terwyl hulle so roep dat die teken deur die betekende saak vervang word, roem hulle in die hoop op die heerlikheid van God[54].

Wie met die Kerkreg besig is, moet altyd bewus wees van die hoë roeping wat aan die Kerk gegee is: om teken van die koninkryk van die hemele te wees daarin dat weer gevra en gehandel word na die wil van God in alles. Wie daarin traag is, sondig teen die liggaam van Christus en so teen die Hoof self. Hy skend die liggaam van Christus en dan geld die waarskuwing: „As iemand die tempel van God skend sal God hom skend"[55].

Here Studente, dit is my bede dat ek by u hierdie besef van wat die Kerkreg is en wat die wesenlike belang daarvan is, altyd sal kan inskerp.

## BIBLIOGRAFIE

Net die belangrikste werke wat geraadpleeg is, word hier aangegee.


ALFORD, H. 1874. The Greek Testament. vi: The four gospels. 7th ed. London, Rivingtons.

ANON. 1976. Van Neomarxisme tot Marxisme. *Nederlands dagblad,* 27 Nov.

AUGUSTINUS, A. 1972. Concerning the city of God against the pagans. A new tr. by H. Bettenson, with an introd. by David Knowles. Harmondsworth, Penguin Books.

BAVINCK, H. 1906-'11. Gereformeerde dogmatiek. 2e herz. en verm. dr. Kampen, Kok.

BELL, G.K.A. 1960. Die Königsherrschaft Jesu Christi; die Geschichte des ökumenischen Rates der Kirchen. Hamburg, Reich Evang. Verl.


54. Vergelyk Romeine 5:2.

55. 1 Korinthiërs 3:17.

BINGLE, H.J.J. 1969. Onderwys en opvoeding in die Koninkryk van God op aarde (*In* Du Toit, S., *et al., reds.* Die Koninkryk van God op aarde. Potchefstroom, Potchefstroom Herald. p. 315-327).

BOUWMAN, H. 1928-1934. Gereformeerde kerkrecht. Kampen, Kok. 2bde.

BROUWER, A.M. 1937. De kerkorganisatie der eerste eeuw en wij. Baarn, Bosch & Keuning.

BULTMANN, R.K. 1953. Theologie des Neuen Testaments. Tübingen, Mohr, Siebech. (Neue theologische Grundrisse).

CALVYN, J. 1845-'46. Commentaries. v. 1-3. Harmony of the evangelists Matthew, Mark and Luke. Tr. by the Rev. William Pringle. Edinburgh, Printed for the Calvin Translation Soiety.

COETZEE, J.C. 1965. Volk en Godsvolk in die Nuwe Testament; 'n eksegetiese studie. Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing. Publikasie reeks no. 18. Pro Rege Pers. Potchefstroom

COETZEE, J.C. 1967. Die stryd tussen die Koninkryk van God en die ryke van die wêreld. Potchefstroom. PU vir CHO. (PU vir CHO. IBC-studiestuk, nr. 20).

CULLMANN, O. 1946. Königsherrschaft Christi und Kirche im Neuen Testament. 2. Aufl. Zollikon. Evangelischer Verl.

DUVENAGE, S.C.W. 1969. Die verhouding van Kerk en Koninkryk. (*In* Du Toit, S., *et al., reds.* Die Koninkryk van God. Potchefstroom, Potchefstroom Herald. p. 113-132).

FABIUS, D.P.D. 1890. Mozaïsch en Romeinsch recht; eene vergelijkende rechtstudie. Amsterdam, Wormser.

FLOOR, L. 1946. Die Hervorming; geen verhuising, maar opruiming. Potchefstroom, PU vir CHO. (Wetenskaplike Bydraes van die PU vir CHO. Reeks F1: IBC-studiestuk, nr. 107).

GREIJDANUS, S. 1925. Die Openbaring des Heeren aan Johannes. Amsterdam, Van Bottenburg. (Kommentaar op het Nieuwe Testament. Bd. 14).

GROSHEIDE, F.W. 1932. De eerste brief aan den Apostel Paulus aan de Kerk te Korinthe. Amsterdam, Van Bottenburg. (Kommentaar op het Nieuwe Testament. Bd. 7).

GROSHEIDE, F.W. 1950. Het Heilige Evangelie volgens Johannes. Amsterdam, Van Bottenburg. (Kommentaar op het Nieuwe Testament. Bd. 4).

GROSHEIDE, F.W. 1954. Het Heilig Evangelie volgens Mattheüs. 2e herz. en verm. dr. Kampen, Kok. (Commentaar op het Nieuwe Testament).

HERTZ, K.H. *ed.* 1976. Two kingdoms and one world. Minneapolis, Augsburg Pub. House.

HEYNS, J.A. 1967. Die kerk as diens aan die Koninkryk. Stellenbosch, Pro Ecclesia. (Annale. Universiteit Stellenbosch, v. 31. serie B no. 2).

JOOSTE, J.P. & DU TOIT, S. 1967. Die Koninkryk in die geskiedenis van die Kerk. (*In* Du Toit, S., *et al.*, *reds.* Die Koninkryk van God. Potchefstroom, Potchefstroom Herald, p. 133-150).

KITTEL, G. *Hrsg.* 1933-'65. Theologisches Wörterbuch zum Neuen Testament. Stuttgart, Kohlhammer.

KRUGER, L.S., DU PLESSIS, H.L.M. & SPOELSTRA, B., *et al.* 1966. Handleiding by die kerkorde van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. Potchefstroom, Pro Rege.

KüNG, H. 1967. The church. Tr. from the German by Ray and Rosaleen Ockenden. London, Burns & Oates.

LINTON, O. 1932. Das Problem der Urkirche in der neueren Forschung; eine kritische darstellung. Uppsula. Almguist & Wiksells Coktryckeri-a-b.

ORIënTATIE in de theologie. 1972. Studiegids samengesteld door die hoogleraren aan die Theologische Hogeschool van de Gereformeerde Kerke in Nederland te Kampen. De Vuurbaak.

PLOMP, J. 1967. Beginselen van reformatorisch kerkrecht. Kampen, Kok. (Kamper cahiers, no. 4).

PLOMP, J. 1967 (a). Prebyteriaal - episcopaal? Kampen, Kok.

RIDDERBOS, H.N. 1950. De komst van de Koninkryk; Jezus' prediking volgens de synoptische Evangelien. Kampen, Kok.

RIDDERBOS, H.N. 1959. Aan de Romeinen. Kampen, Kok. (Commentaar op het Nieuwe Testament).

RITSCHL, A.B. 1902. The Christian doctrine of justification and reconciliation; the positive development of the doctrine. English tr., ed. by H.R. Mackintosch and H.B. Macanly. 2nd. ed. Edinburgh, Clash.

RUTGERS, F.L. 1894. Het kerkrecht in zoover het de Kerk met het recht in verband brengt. Amsterdam, Wormser.

SCHNACKENBURG, R. 1963. God's rule and Kingdom. Tr. by J. Murray. New York, Herder and Herder.

SCHNACKENBURG, R. 1965. Gottes Herrschaft und Reich; eine biblisch-theologische Studie. 4 Aufl. Freiburg, Basel, Wien, Herder.

SCHWEITZER, A. 1967. Reich Gottes und Christentum. Hrsg. und mit einem Vorwort versehen von Ulrich Neuenschwander. Tübinger, Mohr, Siebeck.

SNYMAN, W.J. 1948. Die gebruik van die woord „kerk" in die Nuwe Testament. Potchefstroom. De Westelike Stem.

SNYMAN, W.J. 1977. Nuwe en ou dinge. Potchefstroom, Pro Rege.

SNYMAN, W.J. & FLOOR, L. 1969. Die Koninkryk van God in die Nuwe Testament. (*In* Du Toit, S., *et al., reds.* Die Koninkryk van God. Potchefstroom, Potchefstroom Herald, p. 34-58).

SOHM, R. 1892. Kirchenrecht. Bd. I: Die geschichtlichen Grundlagen. München, Duncker &Humblot.

STOODT, D. 1962. Wort und Recht; Rudolf Sohm und das theologische Problem des Kirchen. rechts. München, Kaiser.

VAN DALEN, J. 1946. De schriftuurlijke beginselen van het kerkrecht. Met een inleidend woord van P. Deddens. Goes, Oosterbaan & Le Cointre.

VAN DER LINDE, G.P.L. 1965. Die grondbeginsels van die presbiteriale kerkregeringstelsel. Potchefstroom, Pro Rege.

VAN DER WALT, J.J. 1976. Christus as hoof van die kerk en die presbiteriale kerkregering. Potchefstroom, Pro Rege. (Wetenskaplike Bydraes van die PU vir CHO. Reeks A: Geesteswetenskappe, nr. 2).

VAN DER WALT, T. 1962. Die Koninkryk van God, naby! Eksegetiese verkennings van die toekomsperspektief van Jesus Christus volgens die getuienis van die Sinoptiese evangelies. Kampen, Kok. (Proefskrif – Theologische Hogeschool, Kampen).

VAN'T SPIJKER, W. 1972. Goddelijk recht en kerkelijke orde by Martin Bucer. Kampen, Kok.

VOETIUS, G. 1902. Verhandeling over de zichtbare en georganiseerde Kerk. Uit het Latijn vertaald door R.J.W. Rudolph en F.F.C. Fischer. Kampen, Kok.

WEINEL, H. 1899. Paulus als kirchlicher Organisator. Tübingen, Mohr. (Sammlung gemeinverständlicher Vorträge v. Schriften aus dem Gebiet d. Theologie u. Religionsgeschichte, Bd. 17).

WEISS, J. 1892. Die predigt Jesu vom Reich Gottes. Göttingen, Vandenhoeck & Ruprecht.

WEISS, J. 1971. Jesus' proclamation of the Kingdom of God. Tr. ed. and with an introd. bu R.H. Hiers and D.L. Holland. Philadelphia. Fortress Press.

WRAY, F.J. 1953. History in the eyes of the sixteenth century Anabaptists. New Haven, Conn. (Proefskrif – Yale University).